Process Safety **Beacon**

**Boodskap vir bedryfspersoneel**

www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance CCPS Center for Chemical Process Safety

aiche.org/ccps

**This issue sponsored by**

ioMosaic® *Minimizing risk. Maximizing potential.®*

www.iomosaic.com

# Goeie noodplanne red lewens!

**Junie 2024**




*Vlug JAL 516 brand en die posisies van die vliegtuie betrokke.*

Op die 2 de Januarie, 2024, het Japan Lugdiens (JAL) Vlug 516 met 367 passasiers en 12 bemanning op Haneda Lughawe in Tokio Japan geland. Tydens die landing het die vliegtuig gebots met ’n kleiner Kus Patrollie vliegtuig en albei vliegtuie het aan die brand geraak. Vyf van die sewe bemanningslede van die klein vliegtuig is in die botsing dood. Al 379 mense aan boord van JAL vlug 516 kon binne 18 minute die vliegtuig ontruim na veiligheid terwyl die een enjin brand.

Die vinnige en veilige ontruiming van die vliegtuig is die gevolg van ’n weldeurdagte ontruimings-plan. Ten spyte van kommunikasie probleme tussen die loods en vlugpersoneel, was daar geen ongevalle nie. Die bemanning het vinnig die glybane opgeblaas en toe dit veilig was, het hulle passasiers ordelik na die uitgange en glybane gelei. Loodse en kajuit personeel is opgelei om nood ontruiming so gou moontlik te begin.

’n Ander rede vir die vinnige ontruiming is dat vlugpersoneel aangedring het dat passasiers hul bagasie los en net selfone saamneem. As hulle probeer het om ander goed saam te vat, sou dit die proses vertraag het en kon daar sterftes gewees het. Die reëlings is beklemtoon in die voor-vlug induksie boodskap en die mense het die instruksies gevolg.

## Het jy geweet?

- In aanlegte waar gevaarlike chemikalieë gestoor of gehanteer word, moet die noodplan voorsiening maak vir verspillings en giftige gas vrylatings.
- Die meeste lande vereis dat maatskappye ’n geskrewe noodplan hê wat voorsiening maak vir voorsienbare natuur rampe soos storms, vloede, aardskuddings en tsunami. Die plan moet ook brande en veilige ontruiming aanspreek.
- Brande in ’n industriële omgewing versprei vinnig. Self in kantore kan matte, gordyne en ander brandbare items vinnig brand en die brand versprei.
- Die sleutel om die gevolge van ’n brand te verminder is dat die nood alarm vinnig geaktiveer word. Twyfel en oponthoude om die alarm te aktiveer kan ontruiming en brandbestryding vertraag.
- Sommige regulasies vereis ’n grondplan van die ontsnappingsroetes en veilige bymekaarkom plekke

## Wat kan jy doen?

- Jy moet die nood planne in jou werksarea ken – insluitende die ontsnappingsroetes en die versamel punte.
- Jy moet weet wanneer en hoe om die nood alarm te aktiveer. As jy nie seker is nie, vra jou toesighouer.
- Neem aktief deel aan nood oefeninge. Let op vir dinge wat dalk in ’n werklike noodgeval ’n probleem kan wees, soos samedromming, vermiste uitgang tekens en ongelyke vloere.
- Terwyl jy die aanleg inspekteer, dink aan watter noodsituasie moontlik kan wees en maak seker dit word in die noodplan in ag geneem.
- Na ’n ontruiming, moenie terug gaan na die werkplek voor daar bevestiging is dat alles veilig is nie. Sien die April 2024 Beacon.

**Ken jou noodplanne – en volg dit noukeurig!**

©AIChE 2024. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.